Liturgiese Riglyne

SONDAGOGGEND 9:00

Tevrede!

Skriflesing: 1Timoteus 6

Teksvers: 1Timoteus 6:6-8

Sing:
Ps 95:1,4
Sb 9-2:9
Ps 25:2
Ps 75:1,5
Sb 10-2
Ps 46:3,6
Sb 13-3

Orrelis: Corlea vd Walt
Projektor: Jaco Wattel
Klank: Thinus Smuts
Prediker: Ds Paul vd Berg

Ons leef vandag in 'n tyd waarin mense graag vorentoe wil gaan in hulle lewens. Hulle wil graag meer geld en 'n beter motor en 'n lekkerder huis bekom. Die mense wat die welvaartsteologie aanhang, glo dat jy as kind van die Here geregtig is op finansiële en materiële voorspoed.
Die Here kom in 1 Timoteus 6:6 om die wins van ons geloof in die Drie-Enige Here te verduidelik. Ja om in die Here te glo, om Hom te dien en te prys, hou vir elke gelowige 'n baie groot wins in. Helaas nie die tipe wins wat sommige mense verwag nie. Wel 'n wins as iemand tevrede is met wat hy of sy uit die Vader se Hand ontvang het. Elke gelowige weet immers dat 'n babatjie by geboorte niks in die wêreld ingebring het nie. Verder besef elke gelowige dat jy by jou sterwe ook niks met jou kan saam neem nie.
Die Here gee deur sy Heilige Gees aan elkeen wat in Jesus Christus glo, die genade om tevrede, dankbaar en vergenoeg te wees met alles wat die Here vir ons gee. Ja ons is meer as tevrede en dankbaar vir die feit dat ons kos en klere het elke dag.

SONDAGAAND 18:00

Die uitverkiesing is 'n onveranderlike voorneme van God in Christus

Skriflesing: Ef 1 en Joh 17

DR: Hfsk 1 par. 7-8

Sing:
Ps 92-1:1,3
Lied 588:1,3
Lied 525:1,3
Sb 13-3

Orrelis: Danie vd Walt
Projektor: Carina vd Dussen
Klank: Jan Reesink
Prediker: Ds Gerrit Kruger

Jou naam is nie in die Boek van die lewe geskryf met:

- 'n Potlood wat kan uitvee nie.
- 'n Pen waarvan die ink kan vervloei of verdof of "uit-getipex" kan word nie.
- MAAR jou naam is geskryf IN DIE BLOED van Jesus Christus.

Dit maak die troos vas en seker. Sy bloed waarmee Christus ons gekoop het, het ons deel geword. Simbolies eet ons Sy liggaam en drink ons Sy bloed aan die nagmaal en so word Christus se soenverdoenste deel van ons. Dit is deel van ons wese deur God se genade in Christus en kan daarom nie uitgevee word nie.

1. God het in Christus uitverkies.
2. God het die uitverkorenes aan Christus gegee.
3. God roep en trek die uitverkorenes kragdadiglik na Hom.
4. God gee aan die uitverkorenes geloof .

KOMMUNIKAATJIE

Gereformeerde Kerk Centurion

Jaargang 44 Nr 05 10 Februarie 2019

Webblad: http://www.gkcenturion.co.za

Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika Loof die Here vir 160 jaar se genade!

Dit is vandag, 10 Februarie 2019, presies 160 jaar gelede wat ons geloofsvoorouers by Rustenburg biddend daartoe oorgegaan het om die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika te stig. Die diepste motief was en is nog steeds om 'n kerk van die Here te wees wat die Woord van die Here voorop stel in alles wat ons doen, dink en sê.

Die Here het deur 160 jaar die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA) instrumenteel gebruik om die boodskap van redding en genade in Jesus Christus uit te dra aan alle volke en tale in ons land en ook aan mense in lande buite Suid-Afrika.

Kyk ons terug, dan staan die GKSA daarvoor bekend dat hulle onvoorwaardelik aan die waarheid van die Woord vasgehou het. Wanneer daar in die kerkverband onrus of verskil bestaan het, is die vrede gevind deur die buig voor die gesag van die Woord van die Here.

Die GKSA het in die 160 jaar steeds reformerend gebly. Diep in ons harte bly dit staan om altyd te reformeer, terug na die Woord van die Here, nader aan die waarheid van die Woord van die Here.

Vele uitdagings en druk word tans van buite die GKSA beleef. So is daar druk van die kant van die regering en van sekere mense om te konformeer met die wêreldse standaarde en beskouings. Wetgewing in Suid-Afrika van die staat se kant om beheer en inspraak in kerke te probeer kry, is 'n uitdagende saak. Die wettiging van lotery, aborsie op aanvraag, regstellende aksies, homoseksuele/ lesbiese huwelike en moontlike grondonteiening is maar 'n paar sake wat die lidmate van die GKSA mee gekonfronteer word.

Dan is daar ook druk en verskil wat binne die GKSA beleef word. So is daar onder andere vandag verskillende opinies oor die Bybelvertalings, oor die vrou in die amp, oor die nagmaalsgebruik, oor die sing van geestelike liedere bo en behalwe die Psalms en huidige Skrifberymings. Verder is daar ook groot kommer oor die dalende lidmaat getalle van gelowiges regoor die wêreld en veral in die GKSA.

Die GKSA het reformatories wonderlike groei en geleenthede beleef ten opsigte van die uitdra van die evangelie in Suid-Afrika en ander lande aan die mense wat nog nie tot geloof in die Drie-Enige God gekom het nie.

Mag die pad vorentoe vir die GKSA steeds wees:

- Sola Scriptura ~ Die Bybel (Skrif) alleen
- Solus Christus ~ Christus alleen
- Sola Gratia ~ Genade alleen
- Sola Fide ~ Deur die geloof alleen
- Soli Deo Gloria ~ Aan God Alleen die Eer.

Ds Paul

ALGEMENE INLIGTING

EREDIENSTYE

Afrikaanse Oggenddiens: 9:00
Engelse Diens: 11:00
Sothodiens: 12:30
Afrikaanse Aanddiens: 18:00

Loof die Here!

Kantoorure: ***Ma-Do*** *08:00 - 13:00*

Telefoon: 012 664 2614
Faks: 012 664 0004
Epos: Kerkkantoor—**kerkkantoor@gkcenturion.co.za**

Basdenlaan 226
Lyttelton
0140

Ds Maarten van Helden: 072 143 1855

Ds Gerrit Kruger: 012 664 1847/ 082 964 5595

Ds Paul van den Berg: 084 263 2055

DIENSBEURTE: Ouderlinge: Jan Reineke Alethea: Jan Nel

Diaken: Thysie Erasmus

NUWE INTREKKERS: Nuwe intrekkers word gevra om na die erediens voor by die klavier aan te meld.

KLEINGROEPKOMMISSIE: Riaan van Schalkwyk Riaanvs.home@gmail.com 072 436 4763

KOMMUNIKAATJIE ELEKTRONIES: www.gkcenturion.co.za

LEWENDIGE VIDEO UITSENDINGS Volg skakel op gemeente se webblad **(gkcenturion.co.za)**

EREDIENSTE OP INTERNET: http://kerkdienstgemist.nl/assets/516 (direk of opname)

LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON: TOEP: **Kerkdienst Gemist**

BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK: Esmé 0833816428/esmel.prins @gmail.com vir navrae

KATKISASIE: Vandag: Les 4, Ps 100:4
Volgende week: Les 5, Ps 134:4

KLEUTERKATKISASIE (2-5jr): Ouers neem asb u kleuters **ná** Skriflesing na die kleuterklas (kamer 5).

Kerk se bankbesonderhede:
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 409

Inbetalings vir die Diakonie:
Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 280 589

Inbetalings vir die Susters:
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 417

VERJAARSDAE

"...U sorg vir my." Ps 16:5

BELYDENDE LIDMATE

10-Feb	Mercia	Coelho	A04	0823247907
	Anette	Lombard	A14	0826217373
	Ben	Steyn	B08	0834484128
	Drikus	vd Walt	C02	0605692608
12-Feb	Marius	de Beer	B03	0845479575
	Dries	Louw	A06	0818527531
	Camelius	vd Riet	C15	0836428887
	Mauritz	vd Walt	B01	0827797473
	Frans	van Dyk	A14	0827017642
13-Feb	Elsa	Opperman	C01	0832686241
	Ryno	vd Merwe	E01	0828507861
	Mossie	Venter	B07	0727582641
14-Feb	Elna	de Bruin	A02	0836642050
15-Feb	Anton	Fourie	C05	0828379575
	Willie	Loots	A09	0827725736
	Danël	Swanepoel	C13	0832307436
	Christa	Trichard	A03	0832605185
16-Feb	Mossie	Buys	A13	0793731513
	Gerrit	Deist	B15	0832574306
	Werner	vd Walt	A05	0823086238

DOOPLIDMATE

11-Feb	Wian	Olivier	C11	082 443 8886
13-Feb	Carla	van Brakel	B05	082 787 6497
	Regardt	vd Riet	C15	083 642 8887
15-Feb	Karla	Venter	C06	082 940 1555
16-Feb	Talia	Grimsehl	C09	072 259 5552

Centurion Florist skenk weekliks die helfte van die kerk se ruiker. Bestel ruikers vir enige geleentheid plaaslik & oorsee. (664-0685) centurionflorist@discovery mail.co.za.

Ten volle toegeruste vakansiehuis tussen Margate en Port Edward te huur. Huis huisves 8 persone en woonstel 2. Wye see-uitsig en lekker swemstrande. Ignatius Viljoen 0661765471.

Dependable maintenance for any maintenance work and renovating. Free quotes. Hennie vd Walt hj2vdwalt@gmail.com/082 927 4326.

TEESKINKBEURTE

Instruksies vir die regsit voor die diens, skink en opruim na die erediens is in die kombuis opgeplak.

17-Feb	B14	Karin Venter
	B15	Marieke Zeevaart
	B16	Lourette van den Berg
	B17	Nicoline Jonker
24-Feb	B18	
	B19	
	B20	Hannelie Grobler
	B21	Eldo Aftree (Attie Pretorius)
	C13	Tia Grünenfelder

Projek 355

Die Susters wil hierdie jaar vir al **355 leerlinge** van die Laerskool **Steynsburg** 'n skoolmus gee vir beskerming teen die ysige koue van die Oos-Kaap. Leerlinge is tussen 4 en 14 jaar oud. Ons benodig asb almal se hulp met hierdie projek.

Maroon musse kan gebrei of gekoop word. Plaas musse asb in die gemerkte houers by die tee luik. Die sluitingsdatum vir die projek is Sondag, 21 April, sodat dit nog betyds uitgedeel kan word voor die eerste koue arriveer.

Patroon en wol is beskikbaar – doen navraag by Isabel Nel 083 640 5304.

Byvoorbaat dankie vir almal se hulp.

Pilatesklasse in Zwartkop—Om liggaamshouding te verbeter, fiks te word of soepel te bly. Elmé Fabricius 060 994 8023/www.pilatescore.co.za vir meer inligting.

Enkel tuinwoonstel te huur Lyttelton/Kloofsig R4 500 pm + R600 elek. S/k, woonvertrek met oopplankombuis en bk. Motorafdak beskikbaar. Dep R5100. Sophié Kruger 072 803 4057.

Oorweeg u om u huis te verkoop? PF Wolmarans Prokureurs bied die volle eiendomsbemarking aan onder 3% Dot Com Eiendomme. Ek is ook 'n oordrag prokureur. Pieter Wolmarans 083 949 8899

Centurion Christelike Laerskool - méér as die gewone!

CCL is 'n bekostigbare onafhanklike laerskool wat begin is deur ouers wat hulle kinders wil laat skoolgaan in *dieselfde gees as wat by hulle huis en kerk is*. Hierdie skool en naskool is dus 'n *keuseskool* vir gelowige kinders. Die 17-jaar-oue laerskool is bekend vir uitstaande *akademiese* standaard, daaglikse en doelgerigte *geestelike* inskerping en opbou, gesonde *sport* en *kultuur*, asook die feit dat CCL 'n *Eko*-skool is.

Leerders vanaf 5 jaar (RR) tot Graad 7 is welkom. Volle besonderhede is op die *CCL-webblad*.

CCL se *facebook* gee 'n kykie van wat in hierdie *skat van 'n skool* gebeur.

Februarie is Opemaand: dus is enigeen welkom om enige dag te kom kyk wat die skool bied.

15 Februarie is dit OPEDAG. Die aand vanaf sesuur is dit *Aandjie-uit* – leerders word vermaak terwyl die ouers die aand alleen kan uitgaan. Ideaal om dan te kom inloer!

Navrae kan ook gerig word deur 'n *e-pos* te stuur na skool@lscenturion.co.za of om te *bel*: 012 6547 577 (skoolure) of 082 541 6388 (na 14:00 bedags).

Uitreik na Covenant College (Zambia)

Die Evangelisasie Kommissie beplan 'n uitreik na Covenant College gedurende die Junie/Julie skoolvakansie. Die Kollege bestaan uit 3 bedieninge nl: Opleiding van Predikante; "Farming Gods way" en opleiding van kleuterskool personeel.

Daar is dus geleentheid vir mense met diverse gawes om betrokke te raak by die Uitreik. Daar is 'n groot behoefte van die Kollege se prinsipaal en personeel om nouer met Centurion gemeente te skakel. Die behoefte bestaan ook om die Kollege se perseel en prosesse te onderhou en te verbeter.

Voorlopige datum: 26 Jun tot 7 Jul

Kostes: moet nog gefinaliseer word maar sal insluit: petrolkoste vir omtrent 4000km; verblyf vir ten minste 4 aande; kos en grenskostes. Verdere inligting sal volg.

Indien u belangstel skakel vir Attie van der Walt (0824935328) vir meer inligting.

KAAS EN WYN—1 MAART 2019

Broeders en Susters

Dit lyk my daar is 'n persepsie dat ons op hierdie funksie net gaan kaas eet en wyn drink (wat natuurlik nie heeltemal verkeerd is nie...) maar ek wil u verseker dat daar meer is wat vir daardie aand beplan word. Ek verskaf graag die volgende inligting:

1. Wyn van verskeie plase gaan bedien word: Rooiwyn, Witwyn, Droëwyn, Natwyn (??)
2. Verskeie tipe kase gaan opgedis word.
3. Daar is ook 'n verrassingstafel wat iets anders te drinke gaan aanbied – u sal maar moet kom kyk wat dit is… Al wat ek wel kan uitlap is dat dit plaaslik gebrou word (…ek is seker daar is 'n beter woord… gelukkig is dit nie 'verbrou' nie… ☺) deur mense uit ons eie geledere….
4. Vir diegene wat nie alkoholiese drankies wil, kan of mag geniet nie gaan ons verskeie nie-alkoholiese drankies aanbied. So, u is nie uitgesluit nie.
5. Omdat sommige van u direk van u werkplek hierheen gaan kom, is daar baie te ete: kaas, brode, vleiserigheid, vrugte en nog vele om die hol-kolle behoorlik toe te maak.
6. Die kinders is ook op die gastelys. Vrugtesappe en ander lekkernye sal vir hulle beskikbaar wees. Selfs die kleuters en peuters is welkom - Elsabé sorg dat daar 'n plekkie vir hulle ook is…
7. Bo en behalwe die te-ete en te-drinke, gaan 'n paar kunstenaars u vermaak. Sommige ook vanuit ons eie geledere.

Hierdie gaan 'n aand wees om te onthou!

Koop jou kaartjies elke Sondag na die Erediens op die stoep voor die kantoor en kom geniet die aand saam met ons. U kan kontant of per EFT betaal. Al die besonderhede is by die tafel op die stoep beskikbaar.

Help ons om hierdie aand 'n sukses te maak, Koinonia te bevorder en alles tot Eer van onse Vader te doen.

Kaasgroete Tjaart en span

Ons gee om vir Mekaar

"Moet oor niks besorg wees nie..." Fil 4:6

- Sumei v Antwerpen sterk aan na 'n operasie (A8—662 2519).
- Johan Kruger gaan die week 'n operasie ondergaan in Unitas Hospitaal (B1—082 386 8986).
- Corlea vd Walt ontvang tans behandeling (B3—254 4737).
- André Cilliers ondergaan komende week toetse in Unitas Hospitaal (A14—660 0952).
- Rita Smit sterk aan in Unitas Hospitaal (C13—082 316 5968).
- Meelewing word betuig met Charmaine Coetzee en gesin na die afsterwe van Nic. Die begrafnis vind plaas op Donderdag, 14 Feb om 09:00 by Olievenhoutbosch Begraafplaas en 10:30 by GK Centurion.

Lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra

Geluk

Marius en Janina met die geboorte van Bernhard de Beer op 6 Feb

BEROEPE AANVAAR

Proponent HM Stavast (Herman) na Piet Retief

Alethea Ministry 11:00

Worship Service and Sunday School

Like us on facebook: https://www.**facebook**.com/aletheaministry/

KOLLEKTES

Vandag tydens erediens: Barmhartigheid By die deure: Teologiese studentekas

Kollektes word nog steeds in banke/deure opgeneem vir diegene wat nie Zapper gebruik nie

Volgende week: Tydens erediens: Barmhartigheid By die deure: Thusofonds

Plaas asb u bydraekoevertjies in die konsistorie se kluis